 - (f) in die vorm wees van die toelaes beoog in regulasies 4B en 5B as ‘n bydrae tot die reis- en verblyfuitgawes wat aangegaan gaan word in verband met die bywoning van ‘n oorhandigingseremonie.”.

Wysiging van regulasie 4 van die Regulasies

4. Regulasie 4 van die Regulasies word hierby gewysig—

- (a) deur die vervanging van die uitdrukking “drie” in subregulasie (1) deur die uitdrukking “vyf”; en
- (b) deur die vervanging van die uitdrukking “R3,00” in paragraaf (a) van subregulasie (2) deur die uitdrukking “R4,05”.

Invoeging van regulasies 4A en 4B in die Regulasies

5. Die volgende regulasies word hierby in die Regulasies na regulasie 4 ingevoeg:

“Vervoer- en reistoelaes in verband met reinigingseremonie

4A. (1) Die versoeker en hoogstens vyf ontvangers kan op die Fonds se onkoste van privaat of openbare vervoer, beoog in subregulasies (2), (3) en (4), gebruik maak om ‘n reinigingseremonie ten opsigte van ‘n oorlede slagoffer by te woon.

(2) Die versoeker en die ontvangers is elk geregtig op die volgende toelaes:

- (a) In die geval van privaat vervoer, R4,05 per kilometer bereken oor die kortste roete; of
- (b) in die geval van openbare vervoer, ‘n bedrag gelykstaande met die tarief vir die goedkoopste vervoer oor die kortste roete.

(3) Ekonomiese klas lugvervoer kan deur die versoeker en die ontvangers gebruik word slegs indien die Fondsadministrateur—

- (a) oortuig is dat die gebruik daarvan geregtig is; en
- (b) die gebruik daarvan skriftelik voor die reis gemagtig het.

(4) Die versoeker en die ontvangers is elk geregtig op die toelae soos beoog in subregulasies (2) en (3), wanneer van hulle vereis word om van een plek na 'n ander plek te reis indien die reinigingseremonie in meer as een plek gehou word.

(5) By voorlegging van bevredigende bewys aan die Fondsadministrateur, is die versoeker en die ontvangers elk geregtig om vergoed te word vir enige redelike werklike uitgawes aangegaan ten opsigte van parkering en tolgelde.

Vervoer- en reistoelae in verband met oorhandigingseremonie

4B. (1) Die versoeker en hoogstens nege ontvangers kan op die Fonds se onkoste van privaat of openbare vervoer, beoog in subregulasies (2), (3) en (4), gebruik maak om 'n oorhandigingseremonie by te woon.

(2) Die versoeker en die ontvangers is elk geregtig op die volgende toelae:

- (a) In die geval van privaat vervoer, R4,05 per kilometer bereken oor die kortste roete; of
- (b) in die geval van openbare vervoer, 'n bedrag gelykstaande met die tarief vir die goedkoopste vervoer oor die kortste roete.

(3) Ekonomiese klas lugvervoer kan deur die versoeker en die ontvangers gebruik word slegs indien die Fondsadministrateur –

- (a) oortuig is dat die gebruik daarvan geregtig is; en
- (b) die gebruik daarvan skriftelik voor die reis gemagtig het.

(4) By voorlegging van bevredigende bewys aan die Fondsadministrateur, is die versoeker en die ontvangers geregtig om vergoed te word vir enige redelike werklike uitgawes aangegaan ten opsigte van parkering en tolgelde.”.

Wysiging van regulasie 5 van die Regulasies

6. Regulasie 5 van die Regulasies word hierby gewysig—

- (a) deur die vervanging van die uitdrukking “drie” in subregulasie (1) deur die uitdrukking “vyf”;
- (b) deur die vervanging van die uitdrukking “R800,00” in paragraaf (a) van subregulasie (1) deur die uitdrukking “R1300,00”;
- (c) deur die vervanging van die uitdrukking “R250,00” in paragraaf (b) van subregulasie (1) deur die uitdrukking “R320,00”;
- (d) deur die vervanging van die uitdrukking “R60,00” in paragraaf (c) van subregulasie (1) deur die uitdrukking “R100,00”; en
- (e) deur die vervanging van die uitdrukking “drie” in paragraaf (a) van subregulasie (1) van die uitdrukking “vyf”.

Invoeging van regulasies 5A, 5B, 5C, 5D en 5E in die Regulasies

7. Die volgende regulasies word hierby in die Regulasies na regulasie 5 ingevoeg:

“Verblyftoelae in verband met reinigingseremonie

5A. (1) Die versoeker en hoogstens vyf ontvangers is vir doeleindes van bywoning van 'n reinigingseremonie ten opsigte van 'n oorlede slagoffer elk op die volgende verblyftoelae geregtig:

- (a) 'n Maksimum bedrag van R1300,00 vir elke tydperk van 24 uur afwesigheid van sy of haar woonplek as dit na die oordeel van die Fondsadministrateur nodig is om akkommodasie te huur, onderworpe aan 'n totale maksimum van 48 uur afwesigheid;

- (b) 'n maksimum bedrag van R320,00 vir elke tydperk van 24 uur afwesigheid van sy of haar woonplek as dit nie nodig is om akkommodasie te huur nie, onderworpe aan 'n totale maksimum van 48 uur afwesigheid; en
- (c) R100,00 vir bykomende uitgawes vir elke tydperk van 24 uur, of deel daarvan, van afwesigheid van sy of haar woonplek as die Fondsadministrateur oortuig is dat die uitgawes nodig en redelik was.
 - (2) Die toelaes beoog in subregulasie (1)(a) en (b) moet vir akkommodasie, alle etes en verversings aangewend word.

Verblyftoelaes in verband met oorhandigingseremonie

5B. (1) Die versoeker en hoogstens nege ontvangers is vir doeleindes van bywoning van 'n oorhandigingseremonie ten opsigte van 'n oorlede slagoffer, elk op die volgende verblyftoelae geregtig:

- (a) 'n Maksimum bedrag van R1300,00 vir elke tydperk van 24 uur afwesigheid van sy of haar woonplek as dit na die oordeel van die Fondsadministrateur nodig is om akkommodasie te huur, onderworpe aan 'n totale maksimum van 48 uur afwesigheid;
- (b) 'n maksimum bedrag van R320,00 vir elke tydperk van 24 uur afwesigheid van sy of haar woonplek as dit nie nodig is om akkommodasie te huur nie, onderworpe aan 'n totale maksimum van 48 uur afwesigheid; en
- (c) R100,00 vir bykomende uitgawes vir elke tydperk van 24 uur, of deel daarvan, van afwesigheid van sy of haar woonplek as die Fondsadministrateur oortuig is dat die uitgawes nodig en redelik was.
 - (2) Die toelaes beoog in subregulasie (1)(a) en (b) moet vir akkommodasie, alle etes en verversings aangewend word.

Voorsiening van doodskis, begrafnisitems en bykomstighede

5C. (1) Behoudens subregulasie (2), moet die Departement 'n doodskis, begrafnisitems en bykomstighede, wat nie die bedrag van R12 000,00 oorskry nie, vir doeleindes van 'n oorhandigingseremonie verskaf.

- (2) Die Departement is nie verplig om 'n doodskis te verskaf nie—
 - (a) indien die naasbestaandes van 'n oorlede slagoffer 'n doodskis verskaf het;
 - (b) indien 'n doodskis deur enige persoon of instansie geskenk is; of
 - (c) behoudens subregulasie (3), indien-
 - (i) begrafnis ondersteuning ten opsigte van 'n oorlede slagoffer kragtens artikel 5 van die "Military Veterans Act, 2011 (Act No. 18 of 2011)" beskikbaar is; of
 - (ii) begrafnisvoordele ten opsigte van 'n oorlede slagoffer kragtens artikel 6F van die "Special Pensions Act, 1996 (Act No. 69 of 1996)" betaalbaar is.
- (3) Die Departement kan, nieteenstaande die beskikbaarheid van begrafnis ondersteuning of die reg op begrafnisvoordele bedoel in subregulasie (2)(c), 'n doodskis vir doeleindes van 'n oorhandigingseremonie verskaf indien dit vir die Fondsadministrateur blyk dat die naasbestaandes van die oorlede slagoffer, vir welke rede ook al, nie in staat is om 'n doodskis betyds vir doeleindes van die seremonie te verskaf nie.
- (4) Die Departement moet met die naasbestaandes van 'n oorlede slagoffer skakel met betrekking tot die verskaffing van 'n doodskis.

Verhoging van bedrae

- 5D.** (1) Die bedrae bedoel in hierdie Regulasies moet outomaties met 5% verhoog word op 1 Januarie 2017 en daarna op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar.
- (2) Die rekenpligtige beampte moet, nie later nie as 31 Januarie van elke jaar, skriftelik die nuwe bedrae bevestig, welke bedrae op die webtuiste van die Departement beskikbaar gestel moet word.

Ander bystand in verband met reinigingseremonie

5E. 'n Maksimum bedrag van R1 500,00 kan uit die Fonds aan 'n versoeker betaal word om 'n dier aan te koop om te slag vir doeleindes van die reinigingseremonie gehou ten opsigte van 'n oorlede slagoffer.”.

Wysiging van regulasie 7 van die Regulasies

8. Regulasie 7 van die Regulasies word hierby gewysig deur die vervanging van paragraaf (h) van subregulasie (4) deur die volgende paragraaf:

“(h) van 'n dokument wat die afsterwe en datum van afsterwe van die oorlede slagoffer bevestig, indien bystand soos beoog in regulasie 3(2)(c), (d), (e) of (f) versoek word; en”.

Wysiging van regulasie 8 van die Regulasies

9. Regulasie 8 van die Regulasies word hierby gewysig deur die vervanging van subparagraaf (iii) van paragraaf (b) van subregulasie (1) deur die volgende subparagraaf:

- “(iii) die bystand versoek word—
- (aa) in verband met 'n opgraving van 'n vermiste persoon soos beoog in regulasie 3(2)(a);
 - (bb) vir doeleindes van 'n aansoek soos beoog in regulasie 3(2)(b);
 - (cc) vir 'n herbegraving of simboliese begraving van 'n oorlede slagoffer soos beoog in regulasie 3(2)(c);
 - (dd) in verband met 'n reinigingseremonie ten opsigte van 'n oorlede slagoffer soos beoog in regulasie 3(2)(d) of (e); of
 - (ee) in verband met 'n oorhandigingseremonie soos beoog in regulasie 3(2)(f); en”.

Invoeging van regulasie 8A in die Regulasies

10. Die volgende regulasie word hierby in die Regulasies na regulasie 8 ingevoeg:

“Oorwegings wanneer diskresie uitgeoefen word

8A. (1) Die Fondsadministrateur moet die volgende oorwegings in ag neem by die uitoefening van 'n diskresie kragtens regulasies 4, 4A, 4B, 5, 5A and 5B:

- (a) Die afstand wat deur die versoeker of die ontvangers afgelê moet word;
- (b) die ouderdom van die versoeker of die ontvangers;
- (c) die gesondheidstoestand van die versoeker of die ontvangers;
- (d) die logistieke reëlings in verband met die seremonie; en
- (e) enige ander relevante oorweging.”.

Wysiging van regulasie 10 van die Regulasies

11. Regulasie 10 van die Regulasies word hierby gewysig deur die vervanging van paragraaf (c) van subregulasie (1) deur die volgende paragraaf:

“(c) in die geval van bystand beoog in regulasie 3(2)(a), (c), (d), (e) of (f) aan die versoeker of die ontvanger of 'n persoon wat skriftelik deur die versoeker of ontvanger aangestel is, in welke geval bewys van identiteit van die aangestelde persoon vereis word; en”.

Vervanging van regulasie 14 van die Regulasies

12. Regulasie 14 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

“Toepassing van Regulasies

14. Hierdie Regulasies is van toepassing ten opsigte van 'n opgrawing gedoen, 'n reinigingseremonie, 'n oorhandigingseremonie, herbegraving of simboliese begraving gehou in Suid Afrika.”.

Vervanging van die Aanhangsel tot die Regulasies

13. Die Aanhangsel tot die Regulasies word hierby vervang deur die volgende Aanhangsel:

AANHANGSEL**VERSOEKVORM**

**VERSOEK OM BYSTAND TEN OPSIGTE VAN OPGRAWING, HERBEGRAFNIS OF SIMBOLIESE
BEGRAFNIS VAN OORLEDE SLAGOFFERS:
WET OP DIE BEVORDERING VAN NASIONALE EENHEID EN VERSOENING, 1995 (WET 34 VAN 1995)**

[Regulasie 7]**Nota:**

1. Die inligting en dokumente wat in hierdie vorm versoek word, word vereis om bystand te verleen aan naasbestaendes van vermiste persoon of oorlede slagoffers ten opsigte van—
 - (a) die opgrawing van die liggaamlike oorskot van vermiste persone;
 - (b) aansoeke om bevel van vermoede van dood van vermiste persone;
 - (c) die herbegraving of simboliese begraving van oorlede slagoffers;
 - (d) die bywoning en hou van 'n reinigingseremonie ten opsigte van 'n oorlede slagoffer; en
 - (e) die bywoning van 'n oorhandigingseremonie.
2. Gebruik hierdie vorm om bystand te versoek soos in nota 1 hierbo aangedui.
3. Slegs 'n versoeker, dit is 'n naasbestaende wat deur die ander naasbestaendes van die vermiste persoon of oorlede slagoffer aangewys is, kan bystand versoek deur hierdie vorm in te vul.
4. U is 'n naasbestaende van 'n vermiste persoon of oorlede slagoffer indien u –
 - (a) 'n over is van, of iemand wat oerlike beheer uitgeoefen het oor, die vermiste persoon of oorlede slagoffer;
 - (b) 'n persoon is wat kragtens enige tradisie of 'n stelsel van godsdiens-, persone- of familiereg met die vermiste persoon of oorlede slagoffer getroud was;
 - (c) 'n kind van die vermiste persoon of oorlede slagoffer is, ongeag of u binne of buite die huwelik gebore is of wettiglik aangeneem is;
 - (d) 'n persoon is teenoor wie 'n vermiste persoon of oorlede slagoffer 'n versorgingsplig ingevolge die gemene reg, gewoontereg of wetgewing gehad het; of
 - (e) 'n persoon is wat 'n bloedverwant van die vermiste persoon of oorlede slagoffer was.
5. Die versoeker en nie meer as—
 - (a) 5 ander naasbestaendes van 'n vermiste persoon of oorlede slagoffer, wat deur die versoeker aangewys is na oorleg met die naasbestaendes van die vermiste persoon of oorlede slagoffer, mag bystand ontvang ten opsigte van 'n reinigingseremonie en om 'n opgrawing prosedure by te woon; en
 - (b) 9 ander naasbestaendes van 'n vermiste persoon of oorlede slagoffer, wat deur die versoeker aangewys is na oorleg met die naasbestaendes van 'n vermiste persoon of oorlede slagoffer, mag 'n oorhandigingseremonie bywoon.
6. Besonderhede rakende die bystand is vervat in regulasies 4, 4A, 4B, 5, 5A, 5B, 5C, 5E en 6 van die Regulasies betreffende Opgrawing, Herbegraving en Simboliese Begraving van Oorlede Slagoffers. 'n Afskrif hiervan kan bekom word van die Kantoor van die Fondsadministrateur en die TRC Eenheid by die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling.
7. Die bankbesonderhede van die persoon wat die geld kragtens hierdie Regulasies gaan ontvang, moet deur die bank bevestig word deur die amptelike seël van die bank op die vorm aan te bring.

**DEEL I
PERSOONLIKE BESONDERHEDE**

BESONDERHEDE VAN VERSOEKER	
A	<i>(Dit is die naasbestaande van die vermiste persoon/oorlede slagoffer wat deur die familie van die vermiste persoon/oorlede slagoffer aangewys is om bystand namens die familie te versoek)</i>
1. Titel: (Mnr, Me, Mev, Dr)	
2. Van:	
3. Volle name:	
4. ID nommer/datum van geboorte indien ID nommer nie beskikbaar is nie: (Heg asseblief 'n afskrif van u identiteitsdokument/geboortesertifikaat aan)	
5. Is u 'n naasbestaande van die vermiste persoon of oorlede slagoffer? (Merk met "x")	Ja <input type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
6. Verwantskap met vermiste persoon of oorlede slagoffer:	
7. Kontakbesonderhede:	(a) * Huisadres/Huisadres van ander persoon (indien van toepassing): (Dui hieronder die adres aan waar u bly en waarheen u pos gestuur kan word. Indien u nie 'n adres het nie, dui die adres van 'n ander persoon aan wat gekontak kan word, bv plek van aanbidding, skool of gemeenskapleier, ens.)
	(b) * Posadres/ Posadres van ander persoon (indien van toepassing):
	(c) Nommers waar u gekontak kan word:
	Huis: <input type="text"/> Werk: <input type="text"/> Sel no: <input type="text"/>
	(d) Ander
E-pos <input type="text"/>	Faksimile <input type="text"/>

BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT HIERDIE VORM MEDE-ONDERTEKEN	
B	<i>(Die persoon wat hierdie vorm mede-onderteken kan dit slegs doen indien hy of sy 'n ander naasbestaande van die vermiste persoon of oorlede slagoffer is wat ouer as 21 jaar is; of 'n persoon ouer as 21 jaar wat die versoeker ken, indien 'n ander naasbestaande nie beskikbaar is nie.)</i>
1. Titel: (Mnr, Me, Mev, Dr)	
2. Van:	
3. Volle name:	
4. ID nommer/datum van geboorte indien ID nommer nie beskikbaar is nie: (Heg asseblief 'n afskrif van u identiteitsdokument/geboortesertifikaat aan)	
5. Is u 'n naasbestaande van die vermiste persoon of oorlede slagoffer? (Merk met "x")	Ja <input type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/>
6. Verwantskap met vermiste persoon of	

oorlede slagoffer:				
7. Kontakbesonderhede:	(a) Nommers waar u gekontak kan word:			
	Huis:		Werk:	Sel no:
	(b) Ander			
	E-pos		Faksimilee	

C	BESONDERHEDE VAN VERMISTE PERSOON/OORLEDE SLAGOFFER
1. Titel: (Mnr, Me, Mev, Dr)	
2. Van:	
3. Volle name:	
4. ID nommer/datum van geboorte indien ID nommer nie beskikbaar is nie: (Heg asseblief 'n afskrif van sy/haar identiteitsdokument/geboortesertifikaataan)	

D	BESONDERHEDE VAN ONTVANGERS	
	<p>(Ontvangers is naasbestaendes van die vermiste persoon/oorlede slagoffer wat deur die versoeker aangewys is na oorleg met die familie en wat bystand mag ontvang om 'n opgrawingprosedure, reinigingseremonie en oorhandigingseremonie mag bywoon.)</p> <p>Die versoeker moet hieronder die volle name en identiteitsnommers van die ontvangers aandui wat die prosedure of seremonies wil bywoon.</p>	
	Naam en Van	ID Nommer
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		

**DEEL II
BYSTAND VERLANG**

A	OPGRAWING			
a.	BESONDERHEDE VAN OPGRAWING			
	1. Datum en tyd van opgrawing:			
	2. Plek van opgrawing:			
b.	REIS- EN VERBLYFTOELAE VIR PERSOON WAT BYSTAND VERLANG			
	(Hierdie deel moet ingevul word ten opsigte van die versoeker en elke ander ontvanger deur afskrifte van hierdie bladsy te gebruik.)			
	1. Volle name van persoon wat reis- en verblyftoelae versoek:			
	2. Wyse van vervoer: (merk met "x")	Lugvervoer	Openbare vervoer (bv huurmotor/bus)	Privaatvervoer

3. Datum van reis:	
4. Tyd van reis:	
5. Reis vanaf:	
6. Reis na:	
7. Totale afstand om te reis:	
8. Vir hoeveel nagte word verblyftoelae benodig?	
9. Gee asseblief redes waarom akkommodasie gehuur moet word vir die nagte verwys na in paragraaf 8 hierbo:	
10. (a) Ouderdom van die persoon wat bystand versoek:	
10. (b) Gesondheidstoestand van die persoon wat bystand versoek:	
11. Bankbesonderhede van persoon in wie se bankrekening die toelae betaal moet word, indien toegestaan: <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; margin: 10px 0;"> <p style="text-align: center;"><i>(Die relevante bank moet die bankstempel hierby aanbring om die bankbesonderhede van die persoon te bevestig)</i></p> </div>	(a) Naam van rekeninghouer:
	(b) Id nommer van rekeninghouer: <i>(Heg asseblief afskrif van identiteitsdokument aan)</i>
	(c) Naam van bank:
	(d) Bankkode:
	(e) Tipe rekening <i>(bv. tjek, spaar ens):</i>
	(f) Rekeningnommer:

B	REGS- OF GELDELIKE BYSTAND VIR DOELEINDES VAN 'N AANSOEK OM BEVEL VAN VERMOEDE VAN DOOD VAN 'N VERMISTE PERSOON
<i>(Besonderhede van verdwyning van persoon wat as verdwene en vermis by die Kommissie vir Waarheid en Versoening gerapporteer is en wat na bewering verdwyn of vermis geraak het gedurende die tydperk 1 Maart 1960 en 10 Mei 1994 as gevolg van konflikte van die verlede)</i>	
1. Afdeling van die Hooggeregshof waarin dit beoog word om 'n aansoek om 'n bevel van vermoede van dood van die persoon wat vermis gerapporteer is, te bring:	
2. Datum/Geskatte datum wat persoon vermis geraak het:	
3. Plek waar persoon vermis geraak het/na bewering vermis geraak het <i>(indien bekend:)</i>	
4. Meld die omstandighede waaronder die persoon vermis geraak het:	
5. Gee redes waarom dit beweer word dat die persoon vermis geraak het as gevolg van konflikte van die verlede:	
6. Bankbesonderhede van persoon in wie se bankrekening die geldelike bystand inbetaal moet word, indien toegestaan: <i>(Indien geldelike bystand verskaf word, sal dit direk in die persoon wat die regsbystand verleen het se bankrekening inbetaal word):</i>	(a) Naam van rekeninghouer:
	(b) Id nommer van rekeninghouer: <i>(Heg asseblief afskrif van identiteitsdokument aan)</i>

<p><i>(Die relevante bank moet die bankstempel hierby aanbring om die bankbesonderhede van die persoon te bevestig)</i></p>	(c) Naam van bank:
	(d) Bankkode:
	(e) Tipe rekening (bv. tjek, spaar ens.):
	(f) Rekeningnommer:

C EENMALIGE TOEKENNING VIR DIE HERBEGRAFNIS VAN 'N OORLEDE SLAGOFFER	
1. Datum waarop oorlede slagoffer herbegrawe is/gaan word:	
2. Bankbesonderhede van persoon in wie se bankrekening die eenmalige toekenning inbetaal moet word, indien toegestaan: <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; margin-top: 10px; text-align: center;"> <p><i>(Die relevante bank moet die bankstempel hierby aanbring om die bankbesonderhede van die persoon te bevestig)</i></p> </div>	(a) Naam van rekeninghouer:
	(b) Id nommer van rekeninghouer: <i>(Heg asseblief afskrif van identiteitsdokument aan)</i>
	(c) Naam van bank:
	(d) Bankkode:
	(e) Tipe rekening (bv. tjek, spaar ens.):
	(f) Rekeningnommer:

D EENMALIGE TOEKENNING VAN SIMBOLIESE BEGRAFNIS VAN 'N OORLEDE SLAGOFFER	
1. Datum waarop oorlede slagoffer simbolies begrawe is/gaan word:	
2. Bankbesonderhede van persoon in wie se bankrekening die eenmalige toekenning inbetaal moet word, indien toegestaan: <div style="border: 1px solid black; padding: 5px; margin-top: 10px; text-align: center;"> <p><i>(Die relevante bank moet die bankstempel hierby aanbring om die bankbesonderhede van die persoon te bevestig)</i></p> </div>	(a) Naam van rekeninghouer:
	(b) Id nommer van rekeninghouer: <i>(Heg asseblief afskrif van identiteitsdokument aan)</i>
	(c) Naam van bank:
	(d) Bankkode:
	(e) Tipe rekening (bv. tjek, spaar ens.):

	(f) Rekeningnommer:

E	REINIGINGSEREMONIE TEN OPSIGTE VAN OORLEDE SLAGOFFER			
a.	BESONDERHEDE VAN REINIGINGSEREMONIE			
1. Datum en tyd van reinigingseremonie:				
2. Plek(ke) van reinigingseremonie:				
b.	REIS- EN VERBLYTOELAE VIR PERSOON WAT BYSTAND VERSOEK VIR BYWONING VAN REINIGINGSEREMONIE VAN 'N OORLEDE SLAGOFFER <i>(Hierdie deel moet voltooi word ten opsigte van die versoeker en elke ander ontvanger deur afskrifte van die hierdie bladsy te gebruik)</i>			
1. Volle name van persoon wat reis- en verblyftoelae versoek:				
2. Wyse van vervoer: <i>(merk met "x"):</i>	Lugvervoer		Openbare vervoer <i>(bv. huurmotor/bus)</i>	Privaatvervoer
3. Plek van dood van oorlede slagoffer:				
4. Plek van begrafnis van oorlede slagoffer:				
5. Datum van reis:				
6. Tyd van reis:				
7. Reis van:				
8. Reis na:				
9. Totale afstand om te reis:				
10. Vir hoeveel nagte word verblyftoelae benodig?				
11. Gee asseblief redes waarom akkommodasie gehuur moet word vir die nagte verwys na in paragraaf 10 hierbo:				
12. (a) Ouderdom van die persoon wat bystand verlang:				
12. (b) Gesondheidstoestand van persoon wat bystand verlang:				
13. Bankbesonderhede van persoon in wie se bankrekening die bystand inbetaal moet word, indien toegestaan:	(a) Naam van rekeninghouer:			
<i>(Die relevante bank moet die bankstempel hierby aanbring om die bankbesonderhede van die persoon te bevestig)</i>	(b) Id nommer van rekeninghouer: <i>(Heg asseblief afskrif van identiteitsdokument aan)</i>			
	(c) Naam van bank:			
	(d) Bankkode:			
	(e) Tipe rekening <i>(bv tjek, spaar ens.):</i>			
	(f) Account number:			

F	BYSTAND OM DIER TE KOOP VIR DOELEINDES VAN 'N REINIGINGSEREMONIE TEN OPSIGTE VAN 'N OORLEDE SLAGOFFER	
1. Datum waarop reinigingseremonie gehou is/was:		
2. Bankbesonderhede van persoon in wie se bankrekening die geld om die dier te koop, inbetaal moet word, indien toegestaan:	(a) Naam van rekeninghouer:	
	(b) Id nommer van rekeninghouer: <i>(Heg asseblief afskrif van</i>	

<div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: auto;"> <p><i>(Die relevante bank moet die bankstempel hierby aanbring om die bankbesonderhede van die persoon te bevestig)</i></p> </div>	<i>identiteitsdokument aan)</i>
	(c) Naam van bank:
	(d) Bankkode:
	(e) Tipe rekening (bv. tjek, spaar ens.):
	(f) Rekeningnommer:

G	OORHANDIGINGSEREMONIE			
a.	BESONDERHEDE VAN OORHANDIGINGSEREMONIE			
1. Datum en tyd van oorhandiging :				
2. Plek van oorhandiging:				
b.	REIS- EN VERBLYFTOELAES VIR PERSOON WAT BYSTAND VERSOEK VIR BYWONING VAN OORHANDIGINGSEREMONIE TEN OPSIGTE VAN OORLEDE SLAGOFFER <i>(Hierdie deel moet voltooi word ten opsigte van die versoeker en elke ander ontvanger deur afskrifte van hierdie bladsy te gebruik)</i>			
1. Volle name van persoon wat reis- en verblyftoelae versoek:				
2. Wyse van vervoer (merk met "x"):	Lugvervoer	Openbare vervoer <i>(bv. huurmotor/bus)</i>	Privaatvervoer	
3. Datum van reis:				
4. Tyd van reis:				
5. Reis van:				
6. Reis na:				
7. Totale afstand om te reis:				
8. Vir hoeveel nagte word verblyftoelae benodig?				
9. Gee asseblief redes waarom akkommodasie gehuur moet word vir die nagte verwys na in paragraaf 8 hierbo:				
10. (a) Ouderdom van persoon wat bystand verlang:				
10.(b) Gesondheidstoestand van persoon wat bystand verlang:				
11. Bankbesonderhede van persoon in wie se bankrekening die geld om oorhandigingsseremonie ten opsigte van oorlede slagoffer by te woon, inbetaal moet word, indien toegestaan:	(a) Naam van rekeninghouer:			
<div style="border: 1px solid black; padding: 5px; width: fit-content; margin: auto;"> <p><i>(Die relevante bank moet die bankstempel hierby aanbring om die bankbesonderhede van die persoon te bevestig)</i></p> </div>	(b) Id nommer van rekeninghouer: <i>(Heg asseblief afskrif van identiteitsdokument aan)</i>			
	(c) Naam van bank:			
	(d) Bankkode:			
	(e) Tipe rekening (bv. tjek, spaar ens.):			
	(f) Rekeningnommer:			

DEEL III
EED / PLEGTIGE VERKLARING EN HANDTEKENING VAN DIE PERSOON WAT BYSTAND VERSOEK

Ek,(volle name), identiteitsnommer
....., synde die versoeker, sertifiseer dat ek—

- (a) oorleg gepleeg het met die ander naasbestaandes van die *vermiste persoon/orlede slagoffer; en
(b) deur die ander naasbestaandes van die *vermiste persoon/orlede slagoffer as die versoeker aangewys is.

Geteken te op hede diedag van 20.....

VERSOEKER

Die versoeker het *onder eed / plegtig verklaar dat die inhoud van die verklaring volledig en waar is, voor my te
..... op hede diedag van20.....

KOMMISSARIS VAN EDE

(* Skrap wat nie van toepassing is nie.)

DEEL IV
**EED / PLEGTIGE VERKLARING EN HANDTEKENING VAN DIE PERSOON WAT DIE VERSOEKVORM MEDE-
ONDERTEKEN**

Ek,(volle name), identiteitsnommer
....., synde die persoon wat hierdie versoekvorm mede-onderteken, sertifiseer dat—

- (a) *ek 'n naasbestaande van die *vermiste persoon/orlede slagoffer is en bo die ouderdom van 21 jaar is; of
(b) ek 'n persoon bo die ouderdom van 21 jaar is en die versoeker ken; en
(c) die versoeker 'n naasbestaande van die *vermiste persoon/orlede slagoffer is.

Geteken te..... op hede diedag van 20.....

PERSOON WAT VERSOEKVORM MEDE-ONDERTEKEN

Die persoon wat die versoekvorm mede-onderteken, het *onder eed / plegtig verklaar dat die inhoud van die verklaring
volledig en waar is, voor my te op hede diedag van
.....20.....

KOMMISSARIS VAN EDE

(* Skrap wat nie van toepassing is nie.)"

Kort titel

14. Hierdie Regulasies word die Wysigingsregulasies betreffende Opgrawing, Herbegrafnis en Simboliese Begrafnis van Oorlede Slagoffers genoem.